Loubser wys uit hoedat die Status Confessionis van die NG-Sendingkerk in 1982 en die publikasie van die Kairos-dokument in September 1985 wesenlike reperkussies vir die NG-Kerk gehad het. Dit het tot nuwe denke gelei en 'n verantwoordelike bevraagtekening van die uitsprake uit die Bybel betreffende rasseverhoudinge. In die laaste gedeelte van sy boek onder die opskrifte "The road ahead: faith without ideology" en "Towards a new South Africa" spreek Loubser die kwessie van hoe die Bybel gelees moet word in die lig van menseverhoudinge, aan. Hy lewer hier 'n pleitrede vir 'n nie-ideologiese lees van die Bybel. Vir my lê dit in hierdie stelling van Loubser: "Ideological exegesis also neglects the central theme of the Bible, namely the idea that God himself speaks a creative Word by which He calls a new Kingdom into existence" (p. 163).

Waarom so 'n werk vir onderwysers aanbeveel? Vir twee redes: Die meeste hoërskole gebruik handboeke wat nog witsentries geskryf is en gevolglik onkrities teenoor die huidige nasionale bewind staan. Dit is juis die huidige bewind wat apartheid behou; om apologeties teenoor die gevolge van apartheid te staan deur dit onder andere te onderrig, is nie net onverskoonbaar nie – dit is baie gevaarlik want daardeur word die potensiaal vir revolusie verhoog. Of is Swartmense in opstand teen apartheid omdat agitators hulle daartoe dryf? 'n Ander rede lê juis in die Christelik-nasionale atmosfeer wat in skole (moet) geld. Christelik (as dit nie 'n rookskerm vir 'n puur Calvinistiese uitgangspunt is nie) veronderstel tog naasteliefde ook? Is apartheid in sy negatiewe vorm 'n voorbeeld daarvan? Dit sal geskiedenisonderwysers baat om 'n slag 'n kritiese werk te lees. Krities-wees beteken nie noodwendig afbrekend of negatief nie. Dit kan ook help om 'n meer gebalanseerde visie te verkry wat kan deurwerk na die vak. As ons daarin kan slaag om ons leerlinge te laat dink, het ons ver op die pad van verantwoordelike onderrig gevorder.

**A.J. POSTHUMA**

EDGAR, R. *Because they chose the plan of God. The story of the Bulhoek massacre.* 1988. 40 pp. R4,50 en LA HAUSSE, P. *Brewers, Beerhalls and Boycotts. A history of liquor in South Africa.* 1988. 67 pp. R5,50. Wits History workshop. Topic series 1 and 2.

Die twee publikasies is die eerste in 'n nuwe reeks uit Wits se Workshop wat sekere belangrike temas en of insidente uit die Suid-Afrikaanse Geskiedenis behandel. Dit is voorbeelde van "history from below", Sosiale Geskiedenis wat die ervarings van gewone mense weergee. Dit is 'n vorm van "People's History" waar die gewone mens en sy doen en late aandag kry. Uit die Workshop het al besondere publikasies verskyn waarvan die bekendste seker Lulu Gallinicos se *Gold and workers* en haar pryswenner, *Working life*, is.

Die twee publikasies poog om te voldoen aan die "aim to make recent historical research available to a wide audience, including workers, students and teachers". So 'n doel kan alleen maar verwelkom word. Die prys van die publikasie is só goedkoop (dit word uitgegee deur Ravan Press) dat elke student en skolier dit inderdaad kan bekostig. Dit was lank die probleem met Geskiedenis en hoogswaarskynlik een van die vernaamste redes waarom die vak nie meer by gewone mense gewild is nie: navorsing het in akademiese vorm in duur boeke gestalte gekry wat vir die gewone leser ontoeganklik geword het. Dit wou voorkom asof akademici vir mekaar geskryf het. Goedkeuring uit die klein korps van geskoolde historici het gedui op aanvaarding in die geslote kring en daarmee het die aarde voleinding aangebreek. Die belangstelling van gewone mense was nou van mindere belang en in elk geval nie meer ter sprake nie. Met hierdie "Topic"-series kan Geskiedenis meer verkoop word onder gewone mense.

Die twee publikasies raak twee sensitiewe temas aan (sal daar ooit 'n tema aangeraak word in die toekoms wat nié vir die "people" 'n teer saak is nie?) By Bulhoek is op 24 Mei 1921 meer as 200 Swartmense doodgeskiet terwyl ook die verhaal van drank nie vir Swartmense sonder lewensverlies verloop het nie. Die werke is baie ryklik geïllustreer, vol gepaste sketskaarte en raampies waarin besondere mededelings gedoen word. Die taal is maklik en uiters leesbaar geskryf. Die feite word op objektiewe wyse gestel. Belangrik is egter dat die gewone mense aandag kry; die fokus van die studie is op die optrede en motiewe van die massa instede van op owerheid.

Dit verteenwoordig 'n hele nuwe dimensie in Geskiedenis. Dit is nuut, hoewel die feite nie noodwendig vars is nie. Om Bulhoek byvoorbeeld vir die eerste keer te kan lees vanuit 'n groep oortuigde religieuses se gesigspunt óók, is 'n verfrissende ervaring. Dit bring die hele voorval in perspektief. Dit kan onderwysers en skoliere in standerd 10 geweldig baat as hulle byvoorbeeld, wanneer die eerste Smutsbewind (1919-1924) behandel word, 'n dieptestudie van die Bulhoek-voorval aan die hand van die publikasie kan doen. 'n Interessante klasdebat oor wie reg was en wie verkeerd, kan byvoorbeeld gevoer word. Dieselfde geld vir die geskiedenis van die drankbedryf onder Swartmense.

Die vraag, wie was reg en wie verkeerd, raak natuurlik aan die wortel van geskiedenisonderrig. Anders gestel: moet leerlinge, uit aard van die nasionalisties- en witsentriesgeoriënteerde handboeke waaroor hulle beskik, altyd net die owerheid en staatsfigure se standpunte verneem? Lê objektiwiteit nie juis in die meerkantigheid van 'n saak nie? Onderwysers word ten sterkste aanbeveel om hierdie publikasies in die hande te kry. Dit verleen 'n heel nuwe dimensie aan die onderrig van Geskiedenis en sorg in elk geval vir 'n baie meer gebalanseerde weergawe van die werklike verlede.

**A.J. POSTHUMA**

WITZ, L. 1988: *Write your own history*. Johannesburg: Ravan Press. R11,95.

This publication, written under the auspices of the Sached Trust, an organization "committed to establish participatory, non-ciscriminatory and non-authoritorian learning processes" and the History Workshop of the University of the Witwatersrand focussing on history of the ordinary people, may create the impression of a radically committed publication by those who are sceptical about trends in history teaching and writing.

Personally I was pleasantly surprised at the scholarly approach and educationally sound presentation. Of